# DIE DONKER SOUTPANSBERG

deur

MEV. DOROTHEA MÖLLER-MALAN

*Groot Droogte 1881 — 1882:*

DAAR ver in haar towerstat sit Modjadji haar brousel en kook. Wanneer 'n koninklike persoon te sterwe kom, word die liggaam vir 'n tydlank in die hut gehou en die vel elke dag afgefrummel. Dit kom in die towerpot saam met die vet van 'n erdvark; sekere liggaamsdele van 'n koedoe — albei koninklike diere; seewater met 'n paar bont seeskulpe; vere van die reënvoël; sekere plantwortels; die skedel van 'n man en sy geslagsorgane en die brein van 'n kind. Modjadji het nie self reën gemaak nie, maar sy het die medisyne en die gawe gehad wat die ore van haar voorgangers, wat in die nabyheid van die Opperwese bokant die uitspansel woon, moes oopmaak om te luister na die behoefte van die volk.

„Die hart van die volk is nie reg nie", het Malebelebe haar toordokter wat saam met haar werk, gesê. Sy is egter nie bereid om net op sy woord te handel nie en stuur na verskillende ander toordokters. „Bring 'n offer aan die oumense (afgestorwenes). Bestee besondere sorg aan hulle, en jy sal sien die reën sal kom," was die algemene uitspraak.

„Dink julle miskien ek het nie my plig gedoen met die begin van die reënseisoen nie?" het sy met toorn gevra. Toe het sy in 'n digte hut onder die warm velkaros gesit langs 'n vuurtjie van opdrifsels waarop sy telkens 'n handjievol krappoeier gestrooi het — almal simbolies van water. Hier het sy gesit en sweet want hoe meer sy sweet, hoe meer sou dit reën. Dog alles tevergeefs. Haar mense het weer gekom. „Dis al weer inpiktyd; die tweede jaar. Die land huil."

Nou moet sy ingee en die offer bring. „Bring vir my die pikswart een om te offer. Nee, bring twee!"

Die sewende dag was die offers daar — pikswart offers sonder 'n letsel — in geval van te veel reën, sou dit 'n blanke of 'n albino wees. Die volgende oggend voordag neem die seremonie 'n aanvang. Modjadji en 'n paar van haar vroueraadslede, haar toordokter en sy helpers — leerlingdokters. By elke voorvaderlike graf bly hulle 'n tydjie staan. Terwyl die toordokters van sy eie brousel daarop sprinkel, smeek hulle: „Moenie langer vir ons kwaad wees nie . . . Sê vir die teenwinde hulle moet gaan lê sodat die wolke nie weer wegdryf nie . . . Ons smeek jou." Almal buig die hoofde terwyl hulle saggies in die hande klap en skaars hoorbaar mompel: „Ons smeek jou."

Uiteindelik bereik hulle die donker bos van die koninklike grafte. Hier doen hulle dieselfde, maar nou is dit Modjadji wat bid. Sy haal haar gifhoring met haar eie brousel te voorskyn en plaas dit op die graf terwyl sy saggies

prewel: „My hande is afgekap; ek kan niks doen nie. Ek smeek jou, hou my nie langer terug van my werk te doen nie. Help my in die nakoming van my plig. Vertel dit ook aan die ander oumense sodat hulle almal kan help, dat daar weer reën kom en die hitte van die land afkoel. Verder gaan dit nog goed met ons; dis net hierdie vreeslike gebrek aan reën wat ons kwel." Almal klap saggies in die hande en sê amen op haar smeekgebed.

Nou volg die groot oomblik — die seremoniële slagting langs die graf. Die offer, wat tot dusver niks vermoed nie, word onverwags gegryp en naak op die aarde uitgestrek. Gewillige hande hou hom vas en soos sy liggaamsdele een vir een verwyder word: die hoor, sien, praat, vrugbaarheid, reuk; word dit deur Modjadji met eerbied op die graf gelê: „Hier is vir jou nuwe ooglede, ons gee dit vir jou. Nuwe ore . . . luister en sien en praat met die oumense by jou . . . Ons weier jou niks nie; jy moet ook nie vir ons weier nie. Neem dit nou en wees gelukkig, ons smeek jou."

Met hierdie woorde neem sy haar gifhoring weer op terwyl die offer die genadeslag ontvang. 'n End verder word vuur gemaak onder twee groot potte om die liggaam te kook. Onderwyl hulle eet, kom die antwoord — dit begin te reën. Die langdurige droogte is gebreek.

Nou is alles afgehandel en hulle sit en wag op die laaste woord. Malebelebe sit in beswyming. Hy is besig om te gesels met die geeste van hulle wie se beendere hier in die grafte rus. Soos van ver af mompel hy: „Khashani het gesondig . . . Khashani, die eie bloedneef van Modjadji wat agter vreemde gode aanloop . . . " en toe val hy soos 'n dooie neer langs die vuur.

Almal sit roerloos stil en wag. Nie te lank nie of Malebelebe begin weer tekens van lewe toon. Hy sit regop en kyk rond. „Waar is Khashani . . . Hy is die een wat gesondig het," en vir Modjadji het daar niks anders oorgebly as om te sê: „Khashani sal boet vir sy sonde."

Om tyd te win het sy die saak laat aangee by Albasini, die Naturelle-kommissaris onder wie se gesag die Lobedu sorteer; hom laat aankla weens oproer waardeur hy die volk afvallig maak.

Albasini het sy jaarlikse hofsitting te Medigen langs die kliptafel onder die groot boom wat vandag nog gesien kan word, gehou. „Julle beskuldig Khashani daarvan dat hy die Boek lees. Ek sien niks verkeerd daarin nie; ek lees self die Boek."

Hiermee was die saak egter nie gedaan nie. Op Goeie Vrydag 1884 het Modjadji se manne onder leiding van Malebelebe gekom en Khashani en sy bekeerlinge waar hulle in die kerkie besig was, aangeval en uitgewis. „Wat is die lewe van een Evangelis en veertig bekeerlinge werd in vergelyking met die van duisende der duisende vanaf Soutpansberg tot in Swasie- en Zoeloeland wat almal sal omkom as die oumense ontevrede bly en die reën weghou!" het sy geredeneer. Dit het lank geneem vir hierdie gebeurtenis om die ore van die regering te bereik. Vir watter rede ook al, was dié nie by magte om iets aan die saak te doen nie. (Ek wil lesers tog aanraai om Medigen, naby Duiwelskloof te besoek en die ou opstal te besigtig. Dis die moeite werd).

*Okkupasie!:*

1886, en die Okkupasiewet is deur! „Die stem van die volk is koning," het die jong president gesê na die herhaalde betogings. Daar is nou al soveel wat in weerwil van alles tog die land dieper ingetrek het! Met groter getalle, sal hulle mekaar beter beskerm, en terselfdertyd 'n sterk agterhoede vorm vir die Bakenkommissie wat so pas sy groot taak begin het en met talle byna onoorkomentlike moeilikhede te kampe het.

„ . . . Eindelik kon ons terugtrek na die Noorde, negentien jaar nadat ons daar uitgedryf was deur omstandighede wat vir ons te magtig was . . . Maar nou het ons weer die sleutel van daardie deur wat byna so onherroeplik agter ons toegeklap het, in eie hande gehad!"

„Ons is nog nie daar nie," het iemand anders geantwoord; iemand wat soos baie andere nog steeds die paggelde op hul grond betaal het om dit eendag weer te kan bewoon. „Julle sal gou genoeg ontdek dat daar intussen soveel versperrings ontstaan het wat die een na die ander oorkom moet word, voordat ons weer van die soet waters van Soutpansberg kan drink."

* * * *

*Luitenant Gert du Toit:*

MET die nuwe omwentelings het die Naturelle-kommissaris se pligte sodanig uitgebrei dat daar vir hom 'n assistent of klerk aangestel moes word. Hierdie persoon was die jong luitenant Gert du Toit van die Staatsartillerie, skaars twintig jaar oud.

Du Toit het so pas Haggard se boek „SHE" gelees wat toe net verskyn het en besluit om hom te gaan spreek om tog enigsins 'n begrip van sy werksaamhede te kry. Al wat Haggard kon doen was om hom in te lig omtrent die talle gissings in verband met die bestaan en ontstaan van Modjadji, die geheimsinnige, onsterflike Reënkoningin want hy het haar nie self gesien nie. Du Toit wou weet of sy regtig wit is soos beweer word.

„Nee, ek glo nie. Sy is besonder lig van kleur, moontlik gemengde bloed, Arabiese vermenging. Miskien bestaan daar nie eens werklik so 'n persoon nie. Ek het al gewonder of sy nie een van hul opperwesens is nie, iemand wat slegs in hul verbeelding bestaan. Die Modjadjiberge lê binne die mis- en reëngordel, dis eintlik snaaks as dit nie daar reën nie. Die bygelowige naturel sal wel na 'n uitleg hiervoor soek en wat is meer natuurlik as 'n onsigbare, onsterflike Reënkoningin?"

Luitenant Du Toit is net so weetgierig soos Haggard, maar met 'n meer nugter uitkyk op die lewe. Hy glo nie aan onsigbare, onsterflike wesens nie. Daar en dan besluit hy om elke geleentheid te gebruik om deur te dring tot agter die geheimsinnigheid van hierdie vrou wat so 'n onbeperkte mag uitoefen. Niemand kon droom dat hierdie voorneme sou lei tot haar ontmaskering nie; dat hy, meer as enige ander persoon, daartoe sou bydra om die versperrings langs die pad, terug na die Soutpansberg te verwyder nie.

Sy aankoms het saam geval met die jaarlikse perdereisies te Pietersburg. Hier maak hy kennis met Buffel en Phambaan — kaptein en Indoena van 'n Soetoe-groep duskant die berge wat saam met hom sou werk. Hy begin dadelik uitvra na Modjadji. Maar selfs vir Albasini, wat nou al 'n ou man is, is sy slegs 'n naam. Niemand het haar nog ooit gesien nie. Johannes Mahore, sy Soetoe-groom, waarsku: „Die Baas moenie so hard verneem na die Modjadji nie. Sy het lang ore en kan ver sien. Volgende jaar of die jaar daarop sal die Baas self weet."

*Die Bakenkommissie:*

DIE aankoms van die Bakenkommissie, byna gelyktydig met dié van die luitenant, was soos 'n klip wat jy in 'n vet bynes gooi. Die Lobedu van Modjadji en die Soetoes van Mamatola het oor en weer en onder mekaar gemor dat dit 'n naarheid is. Die Landmeter-generaal was vergesel van sy assistent, onder begeleiding van luitenant-kolonel Henning Pretorius en twaalf gewapende burgers.

Die luitenant se opdrag was duidelik: Onderwyl die kommissie besig was met afbakening onder die duskantse goedgesinde volk, moet hy na die volk agter die berge gaan om hulle te tel en hul opgaf in te samel. Jonk en onervare, met oom Gert Fourie as tolk, vergesel van dertig gewapende Knopneus-konstabels onder bevel van Buffel en Phambaan, wat moes sorg vir draers, is hulle op pad. Hulle mag geen wapengeweld gebruik nie behalwe ter beskerming van hul eie lewens.

Eindelik kry die luitenant die gebied waarheen hy moes gaan vanaf die hoogste punt van die Houtbosberge te sien. Ver, suid-oos lê die Wolkberge — Mamatola se gebied. Hier onder, langs die Letaba — MaPiet en hier naby suid — Magoeba . . . Albei onder-kapteins van Mamatola en taamlik opstandig. Later sou hulle 'n gesig kry op Modjadji- en Reutersberg, sonder om dit te besoek aangesien dit in Albasini se afdeling val.

„Sewentien dae het hierdie tellery en insameling geduur wat taamlik oppervlakkig was aangesien die volk doodeenvoudig die bosse in gehol het en later voorgekeer moes word," skryf hy later in sy dagboek. „Sewentien dae waarin ons elke oomblik in lewensgevaar verkeer het. Twee keer moes ek ons pad oopskiet. By Mahoepa het ek dieselfde ondervinding gehad as majoor Granville Nicholson tydens die Anneksasie — hy het 'n paar geldstukke in my gesig gegooi. ‚Maak dat jy wegkom voordat ek van plan verander en jou kopbeen aan die paal voor my slaaphut hang terwyl die aasvoëls jou liggaam vreet.' Shoreboel het my 'n paar brandsiek bokke gegee: ‚Dê, gaan kook dit vir Paul!' Die astrantste van almal was Magoeba. Hy het 'n klomp geldstukke aan my voete gegooi tussen die kraalmis waar al die onderhoude plaasgevind het, met die woorde: ‚Vat dit en gaan koop snuif daarmee vir Jambere (Joubert).' Hierdie geld het ek geweier om te neem."

. . . Gedurende die Anneksasie was hulle gewoond om jaarliks 'n aantal uitsoekbeeste of 'n gelykstaande bedrag geld as ‚geskenk' te gee, al wou hulle hulleself nie laat bind deur dit as ‚opgaf' te bestempel nie. Maar hierdie was mos nou weer 'n nuwe regering en Du Toit het streng opdrag ontvang om die volk liewer te paai as om met geweld op te tree. „Ons kan dit nie bekostig om hulle onnodig te ontstel nie." (Daar was daardie beskuldiging van die Britte asof ons nie sou weet hoe om met die naturel te werk te gaan nie).

Aan elkeen van hierdie kapteins het die luitenant deur sy tolk verduidelik: „Volgende keer sal ek net tot by die groot vyeboom bokant Seghopo se stat kom. Van daar sal ek boodskappers stuur vir julle om na my te kom. Ek sal nie weer praat nie". — Die pragtige ou Vyeboom is vandag nog te sien tussen Munnik en Duiwelskloof, net voordat 'n mens afdaal na Seghopo se lokasie.

Met die terugkoms ontmoet hulle oom Gert Mossie (Oosthuizen) wat besig is om af te gaan na die Letaba om te gaan skiet en terselfdertyd na 'n stukkie grond te soek vir sy peetseun wat op troue staan — Frans Stabelberg en sy vriend Jan Venter.

* *

FORT KLIPDAM beleef moeilike tye. Eers het die berig gekom van Albasini se dood en dat die Regering nie geneë was om sy seun as Naturelle-kommissaris te benoem nie — dis nie wenslik dat dieselfde persoon beide Kommissaris en kaptein van 'n groep sou wees nie.

Toe weer, kort na die ekspedisie se aankoms, die berig dat Frans Stabelberg vermoor aangetref is naby die plek waar hulle van luitenant Du Toit afskeid geneem het — Jan Venter is halfdood en vasgebind ver noord daarvandaan in Seghopo se lokasie aangetref sonder dat iemand of hyself kan verklaar hoedat hy daar gekom het. Die laaste wat Jan kan onthou is dat hy nog gesien het hoedat die volk besig was om oom Gert Mossie dood te slaan, wie se liggaam hulle nêrens kon vind nie.

. . . Henning Pretorius kom toe ook net daar aangesit om te rapporteer omtrent die vordering van die Bakenkommissie. Niemand het raad nie. Waar, by wie gaan hulle die skuldiges soek? Niemand is meer ontsteld as die luitenant nie. Alles lyk vir hom so agterstevoor: Wat help dit om 'n klein ekspedisie teen 'n oormag van barbare uit te stuur en te sê hulle mag geen wapengeweld gebruik nie . . . om 'n land oop te sit vir okkupasie sonder militêre beskerming? Om liggame van vlees en bloed op te werp as 'n verskansing tussen die oormag agter die Houtbosberge en die Bakenkommissie? Nie dat dit iémand se skuld is nie. As 'n mens WIL dan wil jy, en niemand sal jou keer nie! Die mense wóu intrek; en die naturel is gewoond om te maak soos hy wil. Die enigste grensbeperking wat hy ooit eerbiedig is die van sy buurman se landjie omdat hy ‚doepa' daar rondom gestrooi of begrawe het.

*Die Berede Grenswag:*

IN Meimaand, kort na sy huwelik met Petronella Grobbelaar, 'n jongere suster van Willem Grobbelaar wie se seuntjie by die sandsloot ontvoer is, moes die luitenant al weer uit op invordering; want sy werk en die van die Baken-kommissie gaan hand aan hand. Hierdie keer sou hy langer wegbly want hy moes tot onder aan die Olifantsrivier anderkant die Wolkberge gaan. Ook moes hy sy oë en ore oophou en ongemerk probeer uitvind wie verantwoordelik was vir die moord op oom Gert en Frans.

Al die getuienis wys in die rigting van Mahoepa, en uiteindelik na die veggeneraal van Magoeba.

Net soos die vorige keer, ondervind hy oral teenstand. Vir die tweede keer besoek hy Mahoepa wat hom hierdie keer sonder versuim na die binnehof nooi. Die kaptein het op sy „stoel' gesit wat bestaan uit twee jong meide wat op hul knieë staan, agterlyf teen agterlyf, met die gebreide vel van oorlede oom Gert Mossie, die lang wit baard en al, daaroor gesprei soos 'n koninklike karos. Die luitenant, wat alleen toegelaat was, se lewe het daarvan afgehang om nie in die minste te verraai wat hy sien nie.

„Ek kom haal jou antwoord of jy jou gewillig onderwerp om wet en orde te handhaaf en jou hutbelasting te betaal waarmee die Wet gehandhaaf moet word."

Mahoepa het op sy tande gekners en skuim het by sy mond uitgebol terwyl hy sy vingers krampagtig deur die lang baard kam. „Ek hoor jou nie . . . Ek sien jou nie . . . " en toe opgespring en die Mazurane (die mooi man, soos hulle die luitenant genoem het) met die punt van sy spies teen die blad na buite toe gestoot.

Die laaste kaptein wat hy hierdie keer besoek het, is Magoeba aan wie hy dieselfde vraag stel: „Sal jy jou gewilliglik onderwerp om wet en orde te handhaaf en jou hutbelasting betaal?" (Dit moet goed verstaan word dat Magoeba geen selfstandige of groot kaptein was nie. Hy was nie eens groot genoeg om in aanmerking te kom vir 'n eie Reserwe nie, en het onder die gesag van Mamatola gestaan — dieselfde groep mense wat nou aan verskuiwe is na die Mentz-gebied).

„Ek sal my antwoord stuur," het hy flikvlooiend gesê.

Dog Magoeba het sy antwoord reeds vooruit gestuur. Bo, van die berg af kon hulle sien hoe Houtbosdorp se paar huise in vlamme opgaan. Vrou Möller — een van die vertellers se eggenote — sit met haar pasgestorwe dogtertjie op die skoot, gestorwe as gevolg van skok en ontberings. „ . . . Die volk het ook al ons beeste geneem. Die mans is agterna om te kyk of hulle dit nie kan terug vat nie."

Verder verneem hy hoedat Magoeba probeer het om die bakens van die Kommissie omver te gooi omdat dit op grondgebied is waarop hy onwettiglik aanspraak maak.

Toe die mans sien dit gaan 'n ver rit wees, draai hulle om om eers die vrouens en kinders te versorg. Intussen het die elftal burgers aangegroei tot dertig onder leierskap van veldkornet Alwyn Botha; almal vasbeslote om nié terug te keer voordat hulle iets tasbaars uitgevoer het nie. Hulle neem Magoeba gevange en hy sou nie losgelaat word voordat hy 'n boete van 250 beeste betaal het nie. Dit het sy mense byna 'n jaar geneem om soveel beeste bymekaar te kry. Elke burger ontvang vyf beeste, gereken teen £2 per kop.

„Dink u nie dis tyd dat daar iets daadwerkliks gedoen word om die okkupante te beskerm nie?" stel die luitenant die vraag aan Henning Pretorius.

„Die saak geniet reeds die aandag van die Owerheid. Ek het jou naam genoem as die geskikste persoon om so 'n beskermingspos op te rig." En so het die Soutpansberg Rydende Grenswag tot stand gekom, op 5 November 1888.

Du Toit het sy fort met vyf-en-twintig vrywilligers aan die voet van die Houtbosberg opgerig. Manskappe ontvang 10/- per dag en die bevelvoerder 13/-. Hy het onder direkte bevel van die kommandant-generaal gestaan, maar het ook die hulp van 'n adviserende kommissie gehad bestaande uit landdros Maré; naturelle-kommissaris Oscar Dahl; H. J. Grobler, volksraadslid en kommandant Barend Voster.

(Word vervolg).